# DIE RSG RADIODRAMASKRYFKOMPETISIE IN SAMEWERKING MET DIE ATKV

## RSG Slypskole 2025

# RSG RADIODRAMASKRYFKOMPETISIE SLYPSKOLE

# IN SAMEWERKING MET DIE ATKV

**Gratis slypskool op SATERDAG 3 Mei 2025 om 09:00 te Seepunt, Kaapstad**

**Gratis slypskool op SATERDAG 17 Mei 2025 om 09:00 te Radiopark, Auckland Park**

Die slypskool duur van 09:00 tot 16:00 en sluit ook 'n ateljee-demonstrasie in.

JY MAG SLEGS EEN VAN DIE GELEENTHEDE BYWOON

**Hoe bespreek 'n mens vir die slypskool?**

1) Laai die 2025 RSG Radiodramahandleiding en die reëls van die kompetisie

van RSG se webblad af. Dit is beskikbaar by www.rsg.co.za.

2) Lees deur die handleiding en skryf 'n kort dramatiese toneel oor die volgende:

**Een vriend skakel 'n ander vriend vanaf 'n laataand partytjie**.

Volg die vereistes in die Handleiding – Afdeling 9. Hoe moet die teks lyk?

Sowat een tot twee A4-bladsye se dialoog is voldoende, maar in die regte formaat. Skryf asseblief jou naam en van bo-aan die teks.

3) Die inskrywing word ingedien op die skakel, SLYPSKOOL INSKRYWING, op www.rsg.co.za.

4) SPERDATUM:

Indien jy die slypskool in Kaapstad wil bywoon: 11 April om 08:00 die oggend.

Indien jy die slypskool in Johannesburg wil bywoon: 25 April om 08:00 die oggend.

Indien jy gekeur word vir die slypskool sal jy teen die volgende datums verdere inligting ontvang:

a. Kaapstad: Vrydag 18 April 2025 17:00

b. Johannesburg: Vrydag 2 Mei 2025 17:00